
Geregistreer aan die H.P.K. as 'n Nuusblad.




# Die O.B.






VIERDE JAARGANG. WOENSDAG, 6 DESEMBER 1944. No. 3.

## Instrument Van Imperialisme Kan Kapitalisme Nie Verslaan

### K.G. Oor Onmag van Partystelsel

**„Ons veg nie meer om 'n bestaan nie, ons tree nou aan in mededinging met ander magsfaktore in die land om die mag in hande te kry. Die dae van verdediging is verby, ons gaan van vandag af oor in die offensief, en met 'n sosialisme gedrenk met 'n fanatieke nasionalisme, marsjeer ons saam met wêreld-sosialisme na die omverwerping van imperialistiese kapitalisme wat met sy parlementêre partystelsel, nog altyd geweet het hoe om ons volk te verdeel, oorheers en verslaaf", het die Kommandant-generaal, dr. J. F. J. van Rensburg, gesê toe hy 'n groot vergadering te Vryheid op 18 November toegespreek het.**

Regering en opposisie het met spanwerk van die hoogste gehalte voor die dag gekom, om, soos die H.N.P.-leier onlangs op Uitenhage gesê het, „die gevaarlikste beweging in die land" dood te smoor, het die K.G. verklaar.

Tevergeefs egter, want ten spyte van verminderde getalle, het die O.B. sy plig teenoor sy kamerade se vroue en kinders getrou nagekom en is in die **afgelope 2½ jaar reeds meer as £60,000 aan hulle bestee.**

Met sy rug teen die muur, geharnas met taaiheid en 'n onverbiddelike fanatiese geloof in die eindoorwinning, gaan die O.B. nou van krag tot krag, en word hy nou oral erken deur die regering, opposisie sowel as arbeider- en kommunistiese groepe as die gevaarlikste beweging in die land.

Die O.B. kan nie sterf nie, want saam met sy positiewe nasionalisme bring hy die boodskap van 'n sosialisme dinamies in sy krag wat bewys is deur 2½ jaar se versorging van die afhanklikes van sy kamerade in die kampe en tronke! **Dit baat niks om deur party-programme van beginsels te praat van rekonstruksie en rehabilitasie wanneer dit uitgevoer moet word met die wapens wat in die smidswinkels van Empaaier-kapitalisme gesmee is nie.** Die vaandel en ideologie van 'n politieke geloof is presies soveel werd as dié wat dit dra. Die partystelsel soos van naby gesien en op die proef gestel vir 30 lange jare, is vir ons skrikwekkend.

Die voorstanders van maatskaplike beveiliging wil ek graag aanvaar as eerlik in hul doel; maar hulle kan nooit die dringende vraagstukke van die werker oplos nie, **want die medium wat hulle gebruik om hul saak te propageer behoort ook aan die kapitalisme, nl. die Argus-groep.**

**ONMAGTIG**

Net so min kan die werkers se saak bevorder word deur vakunies en arbeiderspartye wat tog maar die instrumente tot verdeling an die Arbeidsfront, van sy kapitalistiese base is. In sy boek „Problems of Leninism" sê Stalin: „In die geveg tussen die werkers en kapitalisme was die gebruiklike metodes van koöperatiewe bewegings en vakunies nog altyd onmagtig om die werker te red, omdat die metodes die wapen van kapitalisme is".

**Die krag van die Ossewabrandwag, vandag en in die toekoms, lê opgesluit in die feit dat die twee magtige strome, nl. die sosiale en die nasionale, binne die Volksbeweging verenig is.** Die sosiale aanvoeling word nie gevind by die tipe wat bestuurder, bankier, mynmagnaat, trustee, direkteur en dies meer is nie, maar wel by die kruier op die stasie, die klerk in die bank, die kelner, die mynwerker en die kleinboer!

Keer op keer met gereelde tussen-werker in die stryd om sy naakte bestaan in verset gekom teen sy geldbase. **Keer op keer is hy verslaan omdat hy die stryd alleen gevoer het, en uitgeput, uitgehonger en verslaan, moes hy met die hoed in die hand maar weer terug na sy baas om te soebat vir die loon waarteen hy so pas geveg het.**

**Vir die eerste keer het die werker nou die versekering dat 'n Volksbeweging hom ondersteun in sy stryd met die inwerping van sy hele organisasie en nasionale krag.** Oral het die werker al geleer dat die stryd om bestaan 'n sosiale asook 'n nasionale stryd is. **Net soos die kapitalisme en imperialisme onafskeidbaar van mekaar is, net so en nog meer is nasionalisme en sosialisme as natuurlike kombinasie, die enigste wat die imperialistiese kapitalisme die nekslag kan toedien.** Die nasionale stryd is verlore sonder die sosiale; die sosiale stryd kan alleen gewen word deur die daadwerklike ondersteuning van die nasionale — een lotsgemeenskap saam verbind binne die geledere van die O.B., een doel, een rigting, een oorwinning, vry Suid-Afrika.

**VOLKSFRONT**

Die Ossewabrandwag as Volksbeweging moet vir die volk 'n lewensuitkyk wees of anders mis hy sy doel. Daarom het ek in 1941 op Elsburg gesê: „Die O.B. dek alle fronte, en verseker dat ons arms oop staan vir almal mits hulle goeie Afrikaners en goeie Republikeine is".

Die toestande is dieselfde vandag as in 1914-18, in die sin dat die stryd weer gaan teen die imperialisme deur kampe en tronke.

**Vandag egter is dit anders in die sin, dat die sogenaamde republikeinse party, nie alleen hul broers in die tronke uitmaak as rampokkers en diewe nie, maar telkemale die regering gehelp en aangehits het om sulke Afrikaners aan bande te lê, en op alle maniere probeer het om die poging tot onderhoud van die gevangenes se afhanklikes te torpedeer.**

Verbeel u, dat genl. O. L. Nel, wat die stryd hier in Natal gelei het as A.K.G., sou verwag dat die H.N.P. die vertolkers moet wees van die inspirasie tot voortsetting van die stryd wat voortvloei uit die offer wat hy en sy makkers gebring het. **En nou kom dieselfde party en verklaar dat op 'n sekere datum, wat oorgelaat is aan die leier, alle O.B.-lede sal verval as lede van die H.N.P.**

Die O.B. as Volksbeweging, trou aan sy roeping dat hy alle fronte moet en kan dek, het besluit om 'n parlementêre volksfront te bevorder, om sodoende in die politieke front, sosiaal en nasionaal van grondslag, 'n tuiste te skep vir alle enersdenkendes oor die sosiale en nasionale probleme van

### GEESGENOTE

Die Spaanse kunstenaar Picasso wat in Parys woon en aan daardie skool kunstenaars behoort wat sogenaamde kubistiese skilderkuns beoefen, maar in werklikheid aaklige gedrogte en verwronge beelde op die doek aanbring, het verklaar dat sy kuns hom gelei het om by die Kommunistiese Party aan te sluit. Blykbaar is dit die politiek wat die meeste met sy kuns ooreenstem.

**'N DEEL**

Die H.N.P. het geen alleenreg oor die vorming of handhawing van politieke fronte vir die Afrikanerdom nie, **inteendeel, as 'n politieke party is hy onmagtig om die stryd te wen of die kapitalisme te vernietig, omdat hy 'n deel vorm van die imperialistiese demokratiese partystelsel, die instrument van die kapitalisme.**

**Keer op keer het die O.B. probeer om die politieke leiers te beweeg om 'n Volksfront te stig, met die belofte van daadwerklike ondersteuning. Keer op keer is die volk teleurgestel en is voorkeur gegee aan skeuring, partye en klieke.**

Nou is die finale beslissing, dat alle O.B.-lede uit die party uitgeskop word; hulle is die politieke wildernis ingejaag. Die O.B. sou sy plig versuim indien hy nie sorg dat op die regte tyd 'n front gestig word waarin elke burger van die land ten volle sal kan bydra tot die sosiale en nasionale oorwinning nie.

Die datum waarop die O.B.'s uit die party geskop gaan word, moet nog vasgestel word. Die beslissing van die H.N.P. is so ontbloot van leierseienskappe dat ek dit sou waag om 'n datum aan die hand te gee wat gepas sou wees, n.l. 1 April! (Langdurige toejuiging).

Die vergadering het gesluit met drie huldes en die Stem van Suid-Afrika.

('n Afsonderlike berig omtrent die K.G. se ontvangs verskyn elders in die uitgawe).

### NOODHULP-KERSFONDS

**In 'n verklaring deur die Kommandant-Generaal, dr. J. F. J. van Rensburg, uitgereik, kom die K.G. tot die gevolgtrekking dat daar skynbaar geen ander Afrikaanse organisasie is wat die Ossewabrandwag wil help om fondse in te samel vir hulp aan geïnterneerdes se gesinne nie.**

Woordeliks verklaar die K.G.: „Met die oog op sosiale noodhulp is reeds sowat £60,000 ingesamel en bestee. Dit lyk asof dit as uitgeslote beskou kan word dat enige ander Afrikaner-organisasie hom die lot van die slagoffers van die huidige volkstryd (Afrikaner-moeders en Afrikaner-kindertjies) sal aantrek. Ons moet dus aanneem dat dit die taak van die O.B. is, tot die einde toe, om alleen en uit eie krag hierdie volksplig na te kom".

Kerstyd nader — 'n tyd wanneer alle Christene mekaar se harte probeer verbly met geskenkies, ter herinnering en nagedagtenis aan die Groot Geskenk wat die mensdom in hierdie tyd, soveel jare gelede, ontvang het.

Die Kommandant-generaal doen nou 'n beroep op alle offisiere en brandwagte, om, by geleentheid van hierdie naderende Kersfees, tasbaar gedagtig te wees aan die smart en die nood van ons volk se slagoffers in sy stryd teen die Empire.

In plaas van Kersgeskenke vir mekaar te koop, laat elke lid van die Ossewabrandwag, die geld of 'n deel daarvan, in die Noodhulp-Kersfonds stort, sodat kos en primêre noodsaaklikhede gekoop kan word vir ons kamerade se families „wat in nood verkeer omdat die broodwinners in die Empire se kampe sit".

Laat elkeen ook so, hierdie jaar, Kersblydskap versprei!

Bydraes kan deur die gewone kanale gestort word of direk aan: Die Sekretaris, Noodhulp-Kersfonds, Posbus 5754, Johannesburg.



DIE O.B., WOENSDAG, 6 DES. 1944

# Volksliggaam as Oorlogsbuit.

Soos 'n kanker vreet die partypolitiek elke dag nog steeds dieper in ons volksliggaam. Die Verenigde Party dring op elke kongres aan op sterker optrede teen andersdenkendes binne die staatsdiens. Verantwoordelike ministers het reeds openlik te kenne gegee dat hulle nét lede van hul party in staatsliggame gaan aanstel en verder word gedreig dat daar teen amptenare opgetree gaan word wat die regering se werk dan sou saboteer. Daar is natuurlik geen sprake van sabotasie nie, want die staatsdiens beskik oor 'n strenge tugkode en elke amptenaar wat sy werk verbrou of sy plig verwaarloos, stel hom bloot aan strenge tug deur sy hoofde binne die diens self.

Hoewel die regering hierdie aanklagte deels doen om sy gebrek aan dade te vergoeilik, **straal uit hierdie dreigemente die begeerte van die party-politiek om nou ook hier sy vernietigingswerk in te voer.**

Van H.N.P.-kant is dieselfde verskynsel waar te neem. 'n Week of wat gelede het die Transvaalse leiers van die party 'n aankondiging gedoen waarin hulle beloof om net hul eie ondersteuners in staatsliggame aan te stel die dag as hulle aan bewind sou kom. Verder word 'n beroep op hul partyvolgelinge gedoen om toe te sien dat in alle openbare liggame soos skoolkommissies, hospitaalrade ens. ens. net H.N.P.-lede verkies word. En dat die daad reeds by die woord gevoeg is, blyk uit die onlangse stadsverkiesings in Transvaal toe hierdie party dwarsdeur die provinsie H.N.P.-kandidate opgestel het. Op die Vrystaatse munisipale kongres het die voorsitter ernstig gewarsku teen hierdie „verderflike invloed van die partypolitiek" en die hoop uitgespreek dat so'n bedreiging die Vrystaat gespaar sal bly.

**KONSEKWENSIE**

**Dit is egter 'n aanvaarde beleid van die partypolitici en geen protes kan daarteen iets vermag nie. Dit is die konsekwensie van die partypolitiek se volksverbrokkeling.**

Voorheen is hierdie bose deurwerking van die ingevoerde Britse stelsel darem nog teengehou deur 'n soort „gentleman's agreement" tussen die partypolitici om hulle van sekere terreine van die volkslewe te weerhou. Verbreking van hierdie ooreenkoms het selde verder gegaan as die gebied van vee-inspekteurs en sprinkaanbeamptes, waar ondersteuners van die een party gewoonlik ná 'n verkiesing plek moes maak vir lojale yweraars van die oorwinnende party. Die provinsiale rade was deur wedersydse toelating maar gewoonlik gebruik om partylede te beloon vir hul ywer in verkiesingstye. **Nou egter het die verbrokkelende stelsel totaal handuitgeruk en is die hele volksliggaam oopgegooi as 'n aasveld vir die partypolitici, en reeds word die kerke deur H.N.P.-politici aangepor om hul O.B.-teenstanders uit alle kerklike ampte te werp.**

So diep reeds het hierdie ingevoerde stelsel ingevreet in die volksliggaam; die hele volksliggaam is nou tot oorlogsbuit verklaar. **En dan is daar nog goeie Afrikaners wat glo dat hulle met behulp van so'n stelsel eenheid kan verkry en vryheid!**

ONDERSTEUN !!!!
Poskantoor Haarkappers
Kerkstraat 173 - - - - - - - PRETORIA
vir
DAMES en MANS
Eienaar: NEEF HENDRIK VAN DER WALT

G. A. FICHARDT, Beperk
(Lid Afrikaanse Handelsinstituut)
MASJINERIE, YSTERWARE, PRODUKTEHANDELAARS
Foon 700 Opgerig 1845
BLOEMFONTEIN

# 'n Paar Gedagtes oor die Oorlog En sy Nasleep

(Deur Prof. J. A. Wüd).

Die huidige wêreldoorlog staan vandag in sy sesde oorlogswinter. Die verskriklike slagting van miljoene mense van allerlei geslag en ouderdom duur voort; die grootskaalse vernietiging van oorlogstuig en kosbare materiaal wat tot die geluk van die mensdom kon bygedra het, ken geen perke nie; die sinlose verwoesting van onherstelbare en onvervangbare kultuur-historiese arbeid van baie voorgeslagte gaan sy treurige gang. Waarom? Dit sal vir baie mense in hierdie veelbewoë tye moeilik wees om nie 'n siniese lewensbeskouing te ontwikkel nie.

Ten spyte van geweldige kragsinspanning, het die verskillende oorlogsfronte, behalwe in Hongarye en Suidwestelike China, gedurende die laaste weke geen groot verandering ondergaan nie. Die swaarste gevegte vind op die oomblik waarskynlik tussen Amerikaners en Duitsers op Frans-Duitse grensgebiede plaas. Die hardnekkige Duitse weerstand aan alle fronte behoort seker tot die onaangenaamste verrassings van die oorlog.. Na die Geallieerdes se triomftog deur Wes- en Oos-Europa is so'n taaie Duitse teenstand beslis nie in die vooruitsig gestel nie. Vandaar dan ook dat beproefde oorlogsprofete in die jongste tyd vir die soveelste keer hul voorspellings oor die spoedige beëindiging van die oorlog in hersiening moes neem.

Ook op die geweldige offers van die oorlog is in die jongste tyd ietwat lig gewerp. In Brittanje is 'n amptelike stuk, 'n sogenaamde „White Paper", uitgegee. Selfs as aangeneem word dat hierdie stuk hoofsaaklik aan die adres van Amerika gerig is, vanwaar herhaaldelik nare beskuldigings gemaak word as sou die Britte nie hul volle gewig in die stryd werp nie en as sou die Britte bruik-leen-geriewe misbruik om 'n uitvoerhandel tot nadeel van die Westerse bondgenoot te ontwikkel, dan nog is alleen die Britse slagoffers indrukwekkend genoeg. Dit is immers geen kleinigheid as die oorlog vir Brittanje reeds meer as 25 duisend miljoen pond sterling kos nie, as ongeveer een uit elke vier huise in Brittanje vernieitg of beskadig is en as die Britse handelsvloot en uitvoerhandel vir die grootste gedeelte daarmee heen is.

Dit is egter nie die uitgestrekte bloedige oorlogsfronte en ook nie die uitgeputte en insolvente ekonomiese fronte wat vandag die meeste aandag trek nie, maar die verskillende politieke fronte, d.w.s. die politieke verhoudings tussen bondgenote onderling, tussen besettingsmoondhede en besette lande en tussen bevryders en bevrydes. As die propaganda van tyd tot tyd so roerend oor hartlike bondgenootskaplike verhoudings en onselfsugtige bevryders van dankbare bevrydes uitwei, dan dink 'n mens onwillekeurig terug aan die so-veel-geprese Atlantiese Oktrooi wat vandag egter deur dieselfde propaganda morsdood geswyg word. Bondgenootskaplike samewerking en hartlikheid tussen Washington, Moskou en Londen voer op die oomblik nog 'n sukkelende bestaan, maar dit is hoogs twyfelagtig of dit die vredesluiting lang sal oorleef. Die gemeenskaplike Duitse gevaar immers het snaakse bondgenote van Russe, Amerikaners en Britte gemaak. Die voortekens van die likwidasie van hierdie bondgenootskap is egter reeds duidelik sigbaar.

Dit is onnodig om by al die voortekens van toekomstige botsings soos handelskonkurrensie en imperialistiese naywer stil te staan. Slegs op een van die baie voortekens kan hier gewys word, n.l. die houding van die Britse regering teenoor linkse groepe in die bevryde lande van Europa. In hierdie verband is daar 'n paar dae gelede 'n baie insiggewende debat in die Britse Laerhuis gevoer. Die Britse regering is daarvan beskuldig dat hy ongewilde regerings in „bevryde" lande soos België en Italië aan die bewind probeer hou ten koste van linksgesinde partye.

Sedert hierdie debat het daar bloedige botsings tussen linksgesinde Italiane, Grieke en Belge teen hul onderskeidelike regerings plaasgevind. Kabinetskrisisse is aan die orde van die dag. In al hierdie gevalle het die regerings die Britse militêre steun geniet en dit is ook heeltemal verklaarbaar soos Eden in sy toespraak in die Laerhuis dan ook verduidelik het. Die vraag is egter: hoe gaan Moskou daarop reageer as mede-kommuniste in „bevryde" lande nie die hoogste woord mag voer nie? As Londen en Washington die Pole, Finne, Roemeniërs, Bulgare en volke van die Oossee-state as synde binne die Russiese invloedsfeer aan die genade van Moskou oorlaat, dan bestaan daar geen bewyse dat laasgenoemde die Italiane, Belge, Franse en ander Wes-Europese volke as synde binne die Angel-Saksiese invloedsfeer, aan die Britte en Amerikaners oorlaat nie. Die kommunistiese Rusland erken immers geen invloedsfere as dit teen die internasionale kommunisme gaan nie. Die kommunis in vergelyking met die gewone demokraat, is ook te veel die man van die daad om so iets toe te laat. Die bedrywighede van prominente kommuniste in Frankryk, Italië en ander lande, mense wat tot onlangs nog 'n toevlugsoord in Rusland gevind het, skyn daarop te wys dat die Russiese Beer nie onverskillig teenoor linkse bewegings in ander lande staan nie. Die onlangse besoek van Churchill en Eden aan Parys is gevolg deur 'n Kremlinse waarskuwing dat Frankryk nie sy oë alleen op die Weste moet rig nie. En toe die Franse regeringshoof, De Gaulle, en sy minister van buitelandse sake kort daarna na Moskou vertrek het, waar hulle nog vertoef, is hulle vanaf Stalingrad met 'n spesiale trein na Moskou vervoer. 'n Dergelike eer het nog geen Britse of Amerikaanse besoeker te beurt geval nie!

Dit staan vandag vas, ondanks Eden se ontkenning, dat Bonomi in Italië, Pierlot in België, De Gaulle in Frankryk en Papandreou in Griekeland almal Britse steun geniet en kommunistiese teenstand ondervind. Die groei van kommunisme in hierdie „bevryde" lande moet in die eerste plek aan wanhopige ekonomiese toestande toegeskryf word. Dit moet dan ook verwag word dat die kommuniste hulle gedurende die komende wintermaande in die „bevryde" maar hongerende en bibberende Europa nog meer sal laat geld tensy die Angel-Saksers die nodige verligting verstrek soos hulle in die verlede so dikwels beloof het. Is hulle in staat om die belofte uit te voer? Eden in elk geval het hierdie belangrike saak glad nie aangeroer nie!

GILFILLAN en STROH
Die 100% Afrikaanse Fietshandel.
Ons spesialiseer in fietsreparasies; Koop en verkoop van gebruikte fietse; Handel met nuwe fietse en fietsonderdele.
Ons waarborg alle werk.
KERKSTRAAT 57B - - POTCHEFSTROOM.

VOLKSTEATER — PRETORIA
bied aan sy
JAARLIKSE KERSSPEL
onder leiding van Bosman de Kock, bygestaan deur Lotte van Reede van Oudtshoorn,
SLEGS VIR EEN AAND, in die
GROOT STADSAAL
op Dinsdag, 12 Des. 1944,
7.45 n.m.
—o—
Bespreek by Uniewinkels.
Pryse 3/6d. en 2/6d.

ONS STAAN
IN DIENS VAN
DIE BOEREVOLK
VIR ALLES
SONOP
DIE WINKEL
MET 'N IDEAAL

Kersfeeskaarte
Kersfees en Nuwejaar kom!
BESTEL NOU!
Pragtigste versameling ooit aangebied.
Prys 6/- per dosyn posvry
Bestel regstreeks deur:—
DIE BOEREJEUG
Posbus 5754, SPOORBONDKASGEBOU, JOHANNESBURG.

Brosjures wat O B.-Rigting Vertolk.
AANBOD AAN KOMMANDO'S
Op bestellings van 10 of meer van die volgende uitgawes wat die O.B.-rigting vertolk, word aan kommando's 'n korting van 15 persent toegestaan.
Die Stryd van die Afrikanerwerker (Dr. P. J. Meyer) .. 2/6 elk
Die Oplossing van die Naturellevraagstuk in Suid-Afrika (Drs. Van Eden, Coertse en Language) .. .. .. .. 1/6 „
Die Vooraand van ons Vrywording (Dr. P. J. Meyer) .. .. 1/- „
Demokrasie of Volkstaat? (Dr. P. J. Meyer) .. .. .. .. .. 9d. „
Arbeidsordening binne die Volksbeweging en Volkstaat (Dr. P. J. Meyer) .. .. .. .. .. .. .. .. .. .. .. 9d. „
Bestel van Amptelike Verspreiders:
PUBLICITÉ HANDELSREKLAMEDIENS (EDMS.) BEPERK,
Posbus 4892 — Spoorbondkasgebou 507 — JOHANNESBURG.

## 'n Jong Afrikaner skryf as volg :

„Al my suksesse skryf ek toe aan die eersteklas lesings wat u Kollege aan die verskillende Helpmekaar-studente verskaf. Ook help die dosente mens baie vorentoe op die pad van sukses."

## Meer as 200 Kursusse.

**Die Helpmekaar is die enigste suiwer opvoedkundige Afrikaanse Korrespondensie-Kollege in Suid-Afrika.**

*In belang van Opvoeding nie van winste nie.*

**Besturende Direkteur: Dr. H. G. Luttig, M.A. (S.-A.), D.Litt. et Phil. (Leiden).**

# Helpmekaar-korrespondensie-kollege

**VOORTREKKERGEBOU 310, HOEKSTRAAT 18, JOHANNESBURG**

**Posbus 3512 Foon 22-3512**

(O.B., 6 Des. 1944).



## Schoemanello Drank....

**VIR KWALITEIT EN TEVREDENHEID DIE GOODKOOPSTE**

| | Per Bottel van 1 tot 12 in 12-bottel kissie. | Per Gelling in vaatjies van 5 gels. of meer. |
|---|---|---|
| **WYNE:** | | |
| Fonkelwyn | 7/- | — |
| Lewenswyn | 3/9 | — |
| Vermouth | 3/- | — |
| Hanekraal — Cocktail | 4/- | — |
| **SOET WYNE:** | | |
| Likeurwyn en Ou Port | 2/6 | 11/- |
| Ou Wit Port en Sauterne | 2/6 | — |
| Port, Rooi Soet Muskadel, Wit Soet Muskadel | 1/8 | 8/- |
| Jeripigo, Rooi en Wit | 1/9 | 8/6 |
| Worcester Hock en Pontak | 1/7 | 7/6 |
| **SJERRIES:** | | |
| Amontellado (Droë), Kimberley Klub (Droë), Ou Bruin (Soeterig), Ou Oloroso (Soet), | 2/9 | — |
| Goue (Soet) | 2/6 | 10/- |
| Spesiale (Soeterig) | 1/6 | 7/3 |
| Sjerrie (Soeterig) | 1/5 | 6/9 |
| **DROË WYNE:** | | |
| Burgundy | 1/9 | — |
| Claret en Wit Droë | 1/6 | — |
| **BRANDEWYNE:** | | |
| Super de Luxe | 8/6 | — |
| De Luxe | 7/6 | 39/- |
| Ekstra Spesiaal | 7/- | 37/- |
| F.C. | 6/6 | 36/- |
| Buchu | 7/6 | — |
| **JENEWER** | 7/6 | — |
| **LIKEURS:** | | |
| Creme de Cacao | 7/6 | — |
| Goue Manderin, Curacao, Kummel, Piesang, Perske, Appelkoos | 7/- | — |
| Naeltjie | 6/6 | — |
| Kersie, Anys, Gemmer, Lemoen, Van der Hum, Peperment | 6/6 | 34/- |
| **JENEWER-LIKEURS:** | | |
| Lemoen en Suurlemoen | 7/6 | — |

**5% of 1/- per £ afslag wanneer Kontant met Bestelling gestuur word.**

**Voeg by 5/- vir kissie en bottels, en 15/- vir vaatjie wat vergoed sal word by terugsending. Ons lewer drank in ons inhouers solank ons voorrade van inhouers het, en alleenlik op voorwaarde dat die inhouers binne sestig dae aan ons terug besorg word. Weens bottel skaarste kan ons alleenlik in ons eie bottels, kissies drank verpak, waar sulke drank 'n minimum prys van £1-5-0 beloop (5/- vir inhouers ingesluit). Indien goedkoper kissies verlang word moet u u eie inhouers aan ons stuur.**

**Word verkoop in 12-bottel-kissies of 5-gellingvaatjies of groter. U kissies van 12 bottel kan Wyn, Brandewyn, Jenever, Likeur, Vermouth en Hanekraal bevat. Terme:— K.M.B. plus treingeld na sylyne. K.B.A. plus treinkommissie. V.O.S. OUDTSHOORN.**

**Bestel van**

**JURGENS SCHOEMAN.**

**POSBUS 142, — OUDTSHOORN.**


# K.G. se Segetog Deur Natal

**Die Kommandant-generaal, dr. J. F. J. van Rensburg, het verlede maand 'n skitterende ontvangs in Natal gehad toe hy 'n toer deur hierdie provinsie gemaak het. Groot besieling het uitgegaan van sy besoek en die toer kan allerweë beskou word as 'n groot oorwinningstog vir die Ossewabrandwag. Veral Vryheid, waar 'n indrukwekkende optog deur die strate spontane huldebetuigings uitgelok het, het die kroon gespan.**

Vrydag, 10 November, het die reis van die K.G. 'n aanvang geneem met 'n vergadering van 62 offisiere van Suid-Natal, waarvandaan hy, vergesel deur generaal E. B. Cadle, na Grikwaland-Oos gereis het en op Cedarville 'n geesdriftige vergadering van meer as 250 toegespreek het. Voor sy vertrek uit Grikwaland-Oos het die K.G. op weg na Pietermaritzburg nog 'n vergadering te Franklin toegespreek, en met die juigende heilwense van dankbare O.B.'s die deur Afrikaners dunbevolkte streek verlaat.

Maandagaand het die K.G. 'n vergadering van 500 in Pietermaritzburg, waaronder Engelse nuuskieriges, toegespreek; daar die vergadering onder die beskerming van die Afrikanerkring gehou is, het die K.G. hom toegelê op die sosiale rewolusie wat wêreldwyd in wording is, en gewys op die plig van elkeen wat wil dink oor die toekoms, om die sosiale rigting nasionaal te maak en sodoende die rewolusie te kan gebruik tot diens van ons volk en vaderland. Die vergadering het met groot geesdrif die O.B.-leier ontvang, en was ordelik, sonder enige onaangename oproerigheid of vroteiers!

Dinsdag, 14 November, is 'n byeenkoms van Offisiere en lede by Bayesdrift toegespreek, waarvandaan die reis na Wartburg voortgesit is, waar 'n buitengewoon geesdriftige vergadering onder leiding van generaal E. B. Cadle toegespreek is.

**Kommandant H. Schwegmann verdien alle lof vir die byeenkoms in 'n wyk waar hy drie jaar gelede werk begin het as korporaal met 10 lede, en vanjaar kwitansie-boekies aangevra het vir £60 lede.** Almal werk pragtig saam; die gees van kameraadskap is treffend. Gryshemp-vriende wat die vergadering bygewoon het, is deur die K.G. in Duits toegespreek na sy toespraak in Afrikaans.

Hulde is gebring aan die eggenote van genl. O. L. Nel, wat op uitnodiging van genl. Cadle op die verhoog was.

Woensdag is 'n vergadering van 180 O.B.'s en ander belangstellendes in Weenen toegespreek, en die K.G. is luid toegejuig na die afloop van sy toespraak.

Donderdag is in 'n buitewyk van Ladysmith 'n vergadering gehou op pad na Dundee, waar die K.G. die Vrydagaand 'n honderd mense toegespreek het onder voorsitterskap van genl. D. Dannhauser. Etlike ander groepies is ook gespreek gedurende die dag voor die vergadering.

## VRYHEID

Saterdagoggend, 18 November, is die Kommandant-generaal, genl. D. Dannhauser en hoofkomdt. Mentz na Vryheid, waar die K.G. deur generale Steenkamp en kommandante Hermann en ander vriende ten huise van kommandante Hermann ontvang is.

Na samesprekings met twee groepe is die K.G. net buitekant die dorp ontmoet deur 'n stoet wat in Vryheid geskiedenis gemaak het. Met die K.G. op die pragtige vosryperd van hoofkomdt. H. van Rensburg, het die stoet onder leiding van genl. W. van Rooyen, vooruitgegaan deur twee vaandeldraers op wit perde, met nog 58 ander pronkende perde en 45 motors, swier en statig deur die hoofstraat beweeg. **Langs die sypaadjies en van balkonne af is luide toejuigings deur 'n jubelende menigte uitgebring: „Hou koers, ons kom!" „Die Vierkleur bo!" „Die Ossewabrandwag die volksredding!!' 'ens. ens. is van alle kante gehoor.**

Ordelik en in gelid het die stoet na die vergadersaal beweeg waar die K.G. drie huldes gebring is deur die perderuiters en publiek, voordat hy die saal binnegegaan het, waar Generale Steenkamp hom en die publiek namens haar vroue-ofisiere welkom geheet het.

Op genle. Steenkamp se welkomswoord het die K.G. geantwoord dat dit sy hart sterker laat klop om die liefde te sien waarmee hy ontmoet is. Hoewel hy op skool altyd swak was in matesis, het hy dit nogtans reggekry om meer as 8 motors te tel in die stoet wat hom ingewag het, en dit op dieselfde dorp waar die leier van die H.N.P. kortgelede tydens sy provinsiale kongres deur 8 motors en 'n vragmotor begelei is na die saal waar hy (die leier) deur die voorsitter van die kongres uitgeroep is as „Koning van die Afrikanerdom".

Om 7.30 het die K.G., begelei deur genl. W. van Rooyen en sy wagte, sowel as 12 vroue-offisiere die verhoog bestyg waar 12 van die Boerejeug reeds met vaandels plek ingeneem het. Nadat generale Steenkamp 'n tjek van £31 aan die K.G. oorhandig het vir die Kersfeesfonds, is hy met dawerende toejuiging begroet toe hy deur die Generaal-voorsitter aan die woord gestel is.

## DIE AANGEWESE WEG

„Die H.N.P. kan en sal seker aan die bewind kom, sodra die oorlogsroes verby is en die Imperialistiese oorlogskoalisie uitmekaar val. **Maar** dan moet die afwykende groepe, wat hulself ook nasionaal-gesind noem, nie weer setels aan die Imperialiste present gee nie deur derde kandidate te steun en self teen die Nasionaliste te gaan staan soos die O.B. nou aangekondig het", verklaar Die Volksblad van 22 November op 'n briefskrywer se vraag waarom die nasionaalgesinde groepe nie kan saamwerk nie.

Die blad erken hiermee dat die H.N.P. alleen aan bewind kan kom as die „afwykende groepe" nie vir ander kandidate stem nie, maar vir die H.N.P. **Nogtans weier die H.N.P.-leiding om dit vir hierdie „afwykendes" moontlik te maak om vir hul kandidate te stem, deur hulle uit te kryt vir kommuniste en wat nog, en hulle uit die party uit te skop. Hoe gaan hulle dan aan bewind kom?**

Die Ossewabrandwag sê: Skep 'n volksfront van alle Afrikaners ongeag die partytrou. Laat die H.N.P. en alle ander groepe wat kan saamwerk, 'n verkiesingsfront skep en gesamentlik optree soos Smuts vandag gesamentlik optree met ander groepe en daarom **regeer — en sal bly regeer tot hulle „uitmekaar val!"!**




NEEM TOE IN POPULARITEIT



IN 'N VERANDERENDE WÊRELD

*Kommando*

-SIGARETTE

ROND OF OVAAL

WAARDE VIR GELD

BH2274



## MARKAGENTSKAP VROEË MÔRE-MARK

**KAAPSTAD**

●

**BETALING GESKIED ONMIDDELLIK, WEEKLIKS, MAANDELIKS OF SOOS VERLANG.**

●

**BESTE HEERSENDE PRYSE.**


●

***MINNAAR & VAN SCHOOR***

Eienaar: **GUSTAV RETIEF.**

**Telefoon 2-9212.**





**Wees GESOND en STERK!**

**JOHAN HEFER sal vir u ook so'n mooi liggaam met reusekrag bou.**

Skryf aan:
**Johan Hefer**
en meld u Liggaamlike Swakhede of vul hierdie koepon in:
**Johan Hefer**
Posbus 8809,
Johannesburg.

Stuur my asseblief, sonder verpligting, volle besonderhede omtrent u Kursus.

Naam..........................................................

Adres..........................................................

..........................................................

